




Rietfluit familiebrief

Februarie 2005

2005 Jeugjaar



21-27 Maart 2005



Badseloop Skoolverlaterskamp (Gr 11 & 12)

Breek weg van issues en dinge en kom kamp saam!! Kom leer ken iets van jouself en beleef God soos nooit tevore nie!!

Waar: Badseloop Kampterrein met sy warmbron, staproetes avontuurbane, swembad ens. Ens
Wanneer: 21 -27 Mart 2005

Koste: R520 en R70 busgeld (bus vertrek vanaf NG Universiteitsoord 0op Ma 21 Maart om 12:00)


Sluitingsdatum: 4 Maart 2005

e-pos: skoliekamp@go.to

faks: 088-012-6440415

webwerf: www.skoliekamp.go.to

Kontak: Helena Joubert by 082 4133 983



OM TUIS TE VOEL



Dit is só lekker om van gemeente-lede te hoor dat hulle gelukkig en tuis voel in Rietfontein-Suid. Uit hul praat kom ek agter "tuis voel" beteken om naby die Here te wees, Hom te kan dien deur die Kerk, te kan deel met ander gelowiges in baie mooi dinge; daardie heerlike gevoel van te kan behoort en te kan dien in liefde. Huisgesin van God te kan wees!

Vir 2005, het die Kerkraad besluit, wil ons hierdie gemeente ook meer en sterker 'n tuiste maak vir ons jongmense en kinders, huis omdat hulle in 'n groot mate terugstaan en volgens baie "ontuis" voel in hul kerk. Verskeie projekte is al

volstoom aan die gang en dit is klaar al 'n voorreg om die baie jongmense veral by die aanddienste te sien!

In 'n boekie trek die skrywer John Drescher hierdie beginsel ook weer deur na die **huisgesin**. Vir



hom beteken "tuis voel" daardie ervaring van "deel wees" wat 'n kind so nodig het van kleins af – as hy nie voel liefde en lojaliteit vloei na hom toe nie, gaan skakel hy by 'n ander groep in waar hy huis voel. Die beginsel staan sterk: 'n kind kan liefhe en ander aanvaar as hy of sy self aanvaar is en liefde ontvang. As hy sy lewe oor kon hê, sê die skrywer sou hy baie meer aandag gegee het aan:

Saandoen-geleensthede, meer "om die eettafel gesels en ervaringe deel"-geleensthede, meer "saam-bid" voor belangrike gebeurtenisse, meer "ek het jou lief sê en wys" aan die kinder-geleensthede, saamwees, saamspeel, saamwerk en saambesluit-geleensthede. Die teenpool is kinders wat hul eie paadjie loop en 'n tuiste buite die huisgesin soek. Ook deur aan hulle verantwoordelikhede van kleins af te gee in die huis, skep dit sekuriteit en samehorrigheid. 'n Kind wat sonder gesinsverantwoordelikhede grootword, voel verlore en ontuis. Hy sê met 'n 2de kans sou hy sy kinders baie meer laat besef het dat hulle belangrik is vir die gesin en deel het aan die gesin se liefde en welslae.



Tuis by jou Vader, in jou gemeente, by hou huisgesin : dit is ons wens vir u elkeen!

DIENS VAN BARMHARIGHEID

Met die nuwe jaar was dit ook tyd vir bestuursverkiesing. Baie dankie aan Willem Marais wat lank voorsitter was, en nou bietjie gaan uitspan. As jy en Nellie so heerlik op die Ryn vaar, dink maar aan ons ouens by die huis.


Die nuwe bestuur is as volg:

In Willem Marais se plek as voorsitter: Allan Prentice (330 3246)

Pierre Malan (331 3119) bly aan as ondervoorsitter

In Ena le Grange se plek as sekretaresse: Susan Plaisier (331 4527)

In my plek as Gemeente verteenwoordiger by Huis 4, en as Voogkomitee verteenwoordiger kom Estelle Borman (331 3965)



Vir elkeen wat op watter wyse ook al in die jare wat verby is gehelp het om ons gemeenteverpligte by Huis 4 na te kom, vir al die bederfies vir die kinders, as sommer vir al u bystand sê ek en Japie baie dankie en ons weet dat u ons opvolgens net so sal ondersteun. Groete, Japie en Ena le Grange

Onthou asb. koskasbydraes elke eerste Sondag van die maand. Baie dankie vir u ondersteuning.




JAKARANDA KINDERHUIS

Die volgende brief is vanaf Jakaranda Kinderhuis ontvang:

"Hierdie is 'n **GROOT dankie** aan ieder en elk wat oor die Feestyd kersgeskenke vir ons kinders gegee het. Dankie bydraes in kontant en goedere en sommer net dat u omgee vir sorg van Jakaranda Kinderhuis. Mag dit vir u almal 'n voorspoedige 2005 wees. Enige navrae oor skenkings, donasies en belastingsertifikate kan gerig word aan Tilla Wentzel by die Bemarkingskantoor. Tel. (012) 800 4700."

Baie Dankie



afgelope

ook vir u gebede,
die 250 kinders in die

Oase vir Ouers



Leer jou kinders die genot van lag!

Lag is heilsaam vir alle verhoudinge, ook in die gesin. Probeer die lewe nie tè ernstig neem nie! Lag saam met jou kind en sien meer in situasies iets raak wat jou humor kan prikkel. John Drescher skryf oor die belangrikheid van skaterlag die volgende: *Ek weet dat wanneer ek saam met my kinders gelag het, ons liefde verruim is en dit die weg gebaan het vir baie dinge wat ons saam kon doen.*

Ek het tot die insig gekom dat daar vir die mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet nie (Pred 3:12)

'n Vrolike mens is 'n gesonde mens...! (Spr 17:22)

Geniet die lewe saam met jou kinders!

Vreugde groete



SENDING

DEEL GOD SE LIEFDE EN GENADE MET HINDUS

Moderne Hinduisme

Die derde aspek van Hinduisme moet ons nie uit die oog verloor nie. Hierdie vorm van godsdiens het gedurende 1828 begin in die eerste reformasie beweging; *Brahma Samaj* keur afbeelding af en moedig gemeentes aan om op 'n chistelike wyse te aanbid. Welbekende figure van die tyd was *Ram Mohan Roy*, *Vivekananda*, *Tagore* en *Dayananda*.

Tot 1900 was Hinduisme in Suid Afrika uitsluitlik die van klassieke en populêre groepe. Met die inisiatief van *Arya Samaj* was *Neo-Vendanta* in 1950 in Suid Afrika gekonsolideer. Gedurende 1970 het ons die komste van *Hare Krishna* beweging gesien met *Sai Baba* wat daarna gevolg het.

Huislike Aanbidding

Elke aand word `n lamp (kamachee) aangestEEK en op `n spesiale plek in die huis gesit. Party mense het of `n klein tempel in die huis of een buitegebou waar die lamp geplaas word.

Dit is die plig van die moeder om toe te sien dat die huishoudelike god aanbid word. Kamfer sal in teenwoordigheid van die hele familie gebrand word. Kos, blomme en water word ook naby die prente of foto's van huishoudelike gode geplaas. Die huislike aanbidding speel `n groter rol as die van tempelaanbidding. Belangrik is die gebruik van magiese woorde gedurende aanbidding, soos AUM die heilige woord wat Brahman simboliseer. Meditasie begin ook met AUM.

Tempelaanbidding

Hinduisme is altyd in al sy vorms intensief individisties van aard. Die doel is om die lewe jou eie vryheid te verdien. Hinduisme is geen gemeenskaplike geloof nie. Daar word nie gereelde tempeldienste gehou nie. Die tempel word alleenlik besoek volgens die behoeftes van `n persoon of familie. Die besoek kan om een of meer van die volgende redes wees: die gee van `n naam vir `n kind, siekte, werkloosheid, swak skoolresultate, geld wat uitgegee word, motor of huis wat geseen word, `n ongeluk of rampe, ens. Spesiale byeenkomste vir aanbidding van Vishnu, Shiva, en Sakti word by die temple gereel. Ander take soos om die gode (beelde) te bad, klere aan te trek en te eer met blomme en kos word by die tempel verrig.

(Slot volg)